Appendix P

**Genealogisie Genootskap van Suid-Afrika – *Projekte & Produkte***
Verslag aan die Nasionale Algemene Jaar Vergadering – 24 Februarie 2007
Vir die jaar Januarie tot Desember 2006

---

**GGSA projekte**

Projekte wat deur takke en lede van die GGSA aangepak word word op die GGSA webblad aangedui. In 2006 is die bestuur van takke tydens die AJV in Port Elizabeth versoek om na die verouderde gegewens op die webblad te gaan kyk nie en dit met hul takbestuur te bespreek. In Junie is die takke weer genader met hierdie versoek. Die aangehegde dokument is aan alle takvoorsitters gegee. Terugvoering is ongelukkig net van 3 takke gekry. Weereens word daar ‘n versoek dat hierdie aangehegte dokument bespreek word en terugvoering per e-pos aan die NUK gegee word so spoedig moontlik. ‘n Voorstel is gemaak dat takprojekte veel eerder tuis hoort op takspesifieke webblaaie en dat daar op die hoof blad van die GGSA net gefokus word op Nasionale projekte waarby meer as net een tak betrokke is.

Van die projekte waaraan daar in 2006 gewerk is, is die:
Vrystaatse Huweliksregister.
Kontak is gemaak met Media24 oor ‘n voorgenome Huisgenootskanderingsprojek wat hopelik in 2007 onderneem kan word. Befondsing sal verkry moet word vir hierdie beplande projek wat tot groot voordeel vir meer as net genealogiese navorsers kan wees.
Ander projekte wat steeds baie goed vorder is die Begraafplaasprojek en ook die opdatering van die Van Wyk CD en Rinken-De Wet databases. Laasgenoemde twee projekte is baie suksesvolle streeks projekte.

**GGSA produkte**
In die finansiele verslag is daar deeglik verslag gedoen oor die inkomste wat met GGSA produkte gemaak word. Dit is belangrik dat daar deeglik besin moet word oor projekte wat aangepak kan word en die eindproduk wat dan na ‘n gegewe tyd beskikbaar gestel kan word aan genealoë. Die GGSA produkte is steeds goeie verkopers. Meer opdaterings kan wel nog gedoen word. Die vindingryke wyse waarop die eGGSA GGSA produkte bemark en verkoop moet hier genoem word.

Van die produkte waaraan daar in 2006 gewerk is gaan hier net kortliks genoem word:
GRG (Genealogical Reference Guide/ Genealogieseverwysingsgids) Die gedrukte uitgawes van hierdie produk is reeds uitverkoop. ‘n CD is wel nog beskikbaar. Dank aan Daan Hamman vir die afhandeling van hierdie produk.
Omnibus Vol 3. Weens nuwe gegewens oor die Fourie familie wat baie laat beskikbaar geraak het en wat bygewerk moes word, sal hierdie produk eers aan die begin van 2007 beskikbaar wees.
Ongelukkig het die begraafplaas CD nie in 2006 verskyn nie. Dit sal wel beskikbaar wees vroeg in 2007. Dank aan alle lede wat steeds data versamel en Peter Moss en sy span vir dokument versorging.

Daar sal aan meer produkte gewerk moet word. Lede word aangemoedig om voorstelle te maak vir nuwe produkte waaraan daar gewerk kan word.

**Petro Coreejes-Brink**